



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2024

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur

100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

VRAAG 1 BEGROTINGS**[35 punte; 42 minute]****Die volgende inligting het op Inter Escolas Uitgewers Bpk betrekking.**

Inter Escolas Uitgewers Bpk is in Beira, Mosambiek geleë. Hulle spesialiseer in die druk en verkoop van studiemateriaal vir universiteitstudente. Hulle het klein opspringboekstalletjies op die kampusse van al die groot universiteite aan die begin van elke semester. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie elke jaar. Die maatskappy is met gemagtigde aandeelkapitaal van 4 600 000 gewone aandele geregistreer.

A. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 28 Februarie 2024 (vorige finansiële jaar)

Gewone aandeelkapitaal (40% van gemagtigde aandeelkapitaal)	R20 976 000
---	-------------

B. Begrote invordering van debiteure van 1 September 2024 tot 30 November 2024

Maand	Krediet-verkope	Invorderingstydperk 2024			Oninbare skuld	Korting toegestaan
		Sept.	Okt.	Nov.		
Sept.	2 250 000	1 102 500	675 000	337 500	112 500	22 500
Okt.	2 275 000	–	1 114 750	682 600	–	22 750
Nov.	2 750 000	–	–	1 347 500	–	27 500

C. Bykomende inligting

- Debiteure
 - Korting word toegestaan aan debiteure wat in dieselfde maand as die aankoop betaal.
 - Na die maand van aankoop word debiteure 60 dae toegelaat om hul skuld te vereffen, waarna dit as onverhaalbaar afgeskryf word.
- 'n Afleweringsvoertuig sal op 1 Oktober 2024 vir R840 000 gekoop word en in 60 gelyke paaielemente van die eerste maand af afbetaal word. Waardevermindering op voertuie word voorsien teen 12% per jaar op kosprys.
- Inter Escolas Uitgewers Bpk het ongebruikte vloerspase wat van 1 Oktober 2024 af deur Xará's Xima gehuur sal word. Maandelikse huur beloop R35 000. Xará's Xima het gereël om huur vir Oktober en November 2024 op 1 November 2024 te betaal.
- 'n Reklamekontrak vir die begrotingstydperk sal in September 2024 betaal word, R90 000.
- Inter Escolas Uitgewers Bpk het 'n verbandlening van R4 000 000 by Access Bank PLC. Die rentekoers is 12% per jaar. Die bank hef hul rente op die lening kwartaalliks vooruit (in die maande Januarie, April, Julie en Oktober).
- Inter Escolas Uitgewers Bpk beplan om in Oktober 2024 'n bykomende 120 000 aandele teen 1 050 sent per aandeel te verkoop.
- 'n Tussentydse dividend van 8 sent per aandeel sal in November 2024 betaal word en aan alle aandeelhouders uitgekeer word.

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING**[40 punte; 48 minute]**

Hierdie vraag bestaan uit twee dele, naamlik Deel A en Deel B, wat met mekaar verband hou.

DEEL A

Die inligting vir hierdie deel van die vraag het op Royal Bafokeng Platinum Limited betrekking.



Royal Bafokeng Platinum Limited is 'n mynmaatskappy wat metale soos platinum en palladium ontgin. Hulle verkoop hierdie metale in Suid-Afrika, Europa, Japan, Asië en Noord-Amerika. Dit is in 2008 gestig.

A. Aangepas uit die Groephandelstaat vir die jaar:

	2022	2021	%
	R' miljoen	R' miljoen	verandering
Verkoopsinkomste	15 911	16 428	↓ 3,15
Koste van verkope	(11 670)	(9 618)	↑ 21,33
Bruto wins	4 241	6 810	↓ 37,75

B. Uittreksel uit die Groepjaarverslag vir 2022:**ONS BENADERING VAN OMGEWINGSBESTUUR**

Ons benadering is gegrond op internasionale beste praktyk, wetlike voldoening en handhawing van ons omgewings- en maatskaplike bedryfs-lisensie.

Sleutelfokusterreine van ons omgewingsimpak is:

- Koolstofvoetspoor
- Hernieubare energie
- Herwinning
- Lugvrystellings
- Waterverbruik

C. Uittreksel uit die Groepkontantvloeistaat vir 2022:

	R' miljoen
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	1 642
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(1 841)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	(346)

D. Bykomende inligting:

	2022	2021
Wins voor inkomstebelasting (in R' miljoen)	4 421	
Wins na inkomstebelasting (in R' miljoen)	3 321	
Aandeelhoudersbelang (in R' miljoen)	24 685	24 267
Gemagtigde aandelekapitaal	600 000 000	600 000 000
Getal aandele uitgereik	289 790 000	293 580 000
Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang	?	24,2%
Verdienste per aandeel	1 146 sent	2 332 sent
Dividende per aandeel	780 sent	1 070 sent
Skuld tot ekwiteit	0,4 : 1	0,3 : 1
Opbrengs op kapitaal aangewend	14,3%	13,7%
Gemiddelde rentekoers op lenings	8,5%	
Gemiddelde koers van vaste deposito	6,5%	

DEEL B**E. Die inligting vir hierdie deel van die vraag verskaf 'n vergelyking van Northam Platinum Holdings Limited en Royal Bafokeng Platinum Limited vir 2022.**

	Northam Platinum Holdings Limited 	Royal Bafokeng Platinum Limited 
Jaar wat die maatskappy begin het	2020	2008
Opbrengs op gemiddelde aandeelhoudersbelang	35,82%	Vraag 2.8
Verdienste per aandeel	26 149 sent	1 146 sent
Dividende per aandeel	0 sent	780 sent
Netto batewaarde	9 552 sent	8 503 sent
JSE-prys op laaste dag van jaar	16 701 sent	15 425 sent
Skuld tot ekwiteit	0,67 : 1	0,4 : 1
Opbrengs op kapitaal aangewend	28,5%	14,3%
Gemiddelde rentekoers op lenings	10%	8,5%

VRAAG 3 VERSOENINGS**[25 punte; 30 minute]****Inligting aangaande Swakopmund Winkels.**

Jy is aangestel as 'n junior rekenmeester van Swakopmund Winkels. Dit is in die stad Swakopmund in Namibië geleë.

2023		Transaksie	Debiet	Krediet	Saldo										
Februarie	18	Faktuur CC570	56 250		56 250										
Maart	3	Kredietnota CN101		15 750	40 500										
	29	Faktuur CC662	62 250		102 750										
April	6	Kwitansie 899		53 200	49 550										
Mei	10	Faktuur CC1008	42 000		91 550										
	12	Kredietnota CN177		10 500	81 050										
	19	Faktuur CC1120	84 330		165 380										
	22	Kwitansie 1430		37 500	127 880										
		<i>Totale uitstaande saldo</i>			127 880										
Ouderdomsontleding: <table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse; margin-top: 5px;"> <thead> <tr> <th style="width: 30%;"></th> <th style="width: 20%; text-align: center;">90+ dae</th> <th style="width: 20%; text-align: center;">60+ dae</th> <th style="width: 20%; text-align: center;">30+ dae</th> <th style="width: 10%; text-align: center;">Huidig</th> </tr> </thead> <tbody> <tr> <td></td> <td style="text-align: center;">?</td> <td style="text-align: center;">?</td> <td style="text-align: center;">?</td> <td style="text-align: center;">?</td> </tr> </tbody> </table>							90+ dae	60+ dae	30+ dae	Huidig		?	?	?	?
	90+ dae	60+ dae	30+ dae	Huidig											
	?	?	?	?											
Bepalings: - Betaling is streng 30 dae na datum van staat. 5% korting indien betaling binne 10 dae van datum van faktuur plaasvind.															

Bykomende inligting slegs vir Vraag 3.2:

- A. Faktuur CC1008 is verkeerd op die staat aangeteken. Dit moet R24 000 wees.
- B. Faktuur CC1120 is aan Tsumeb Winkels uitgereik.
- C. Op 31 Mei 2023 het Gugu R20 000 via EFO in die rekening van Windhoek Groothandelaars inbetaal.
- D. Die boekhouer van Swakopmund Winkels het kredietnota CN101 verkeerdelik as R17 570 ingeskryf en dit as sodanig gepos.
- E. Kwitansie 899 is korrek in die joernaal ingeskryf, maar met die oorplasing na die grootboeke is die volgende foute gemaak:
 - E1. Dit is per ongeluk weggelaat uit die Algemene Grootboek.
 - E2. Dit is aan die kredietkant van die Krediteuregrootboek ingeskryf.
- F. Volgens die bepalinge het Swakopmund Winkels vir die 5%-betalingskorting gekwalifiseer toe hulle op 6 April 2023 betaal het. Windhoek Groothandelaars het die fout in 'n e-pos erken en beloof om die regstelling op die volgende staat te weerspieël op grond van die betaling wat reeds ontvang is.